# BELEIDSRIGLYNE VIR WILLEKEURIGE DEURSOEKING EN BESLAGLEGGING EN TOETSING VIR ALKOHOLIESE DRANK EN ONWETTIGE DWELMMIDDELS VIR OPENBARE SKOLE IN DIE WES-KAAPPROVINSIE INGEVOLGE ARTIKEL 45A VAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE WET OP SKOOLONDERWYS, 1997 (WET 12 VAN 1997), SOOS GEWYSIG

## INHOUDSOPGAWE

1. DEFINISIES EN AFKORTINGS

2. OMVANG

3. WETSRAAMWERK

4. WETLIKE EN BELEIDSONDERSTUTTINGS

5. KONTEKS

6. WILLEKEURIGE DEURSOEKING EN BESLAGLEGGING

6.1 Prinsipaal
6.2 WILLEKEURIGE DEURSOEKING EN BESLAGLEGGING
6.3 Praktiese Stappe vir Deursoeking en Beslaglegging
6.4 Beslaglegging op Gevaarlike Voorwerpe
6.5 Uitsonderings

7. TOETSING VIR ALKOHOLIESE DRANK EN ONWETTIGE DWELMS

7.1 Verbod op Onwettige Middels op Skoolpersele
7.2 Wettige Gronde vir Uitvoering van Toetse vir Onwettige Middels
7.3 Prosedure vir Uitvoering van Toetse vir Onwettige Middels
7.4 Optekening van Inligting en Beskikking van Gevaarlike Voorwerpe, Onwettige Dwelms en Urinemonsters

7.5 Simptome van Moontlike Dwelmgebruik

(a) Merkbare Veranderinge in Fisiese Toestand van die Leerder

(b) Gedragsaanwysers

(c) Emosionele aanwysers

(d) Sosiale aanwysers

8. GOEDGEKEURDE TOESTELLE VIR DWELM- EN ALKOHOLTOETSING

8.1 Identifikasie en Publikasie van Dwelmtoetsapparate

8.2 Toestelle

9. KENNISGEWINGS AAN OUERS EN DISSIPLINÊRE PROSEDURES

9.1 Kennisgewing aan Ouers

9.2 Dissiplinêre Prosedures en Rehabilitasie

10. BYLAES

10.1 Bylae A – Pro Forma-beleid oor Willekeurige Deursoeking en Beslaglegging en Toetsing vir Alkoholiese Drank en Onwettige Dwelmtoetsing vir Skole.

10.2 Bylae B – Inbelsentrum se Kontakbesonderhede en Funksies

10.3 Bylae C – Algemene Inligting

10.4 Bylae D – Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (Kontakbesonderhede en gespesialiseerde dienste voorsien)

## 1. DEFINISIES

In hierdie riglyne, tensy die konteks anders aandui, beteken-

**'alkoholiese drank' -**

(a) enige onwettige middel wat 'n psigologiese of fisiologiese uitwerking; of
(b) enige middel wat sodanige effek het wat in onwettige besit is, en/of
(c) enige onwettige bedwelmende of verdowende middel;

**'beampte' –** 'n werknemer van die Wes-Kaap Onderwysdepartement aangestel ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) (Proklamasie 138 van 1994), of die Staatsdienswet, (Proklamasie 103 van 1994);

**'die Wet' -** die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet no, 12 van 1997), soos gewysig;

**'digitale toestelle' -** enige mobiele toetstel wat gebruik word om oproepe te maak of boodskappe te versend deur seine of inligting voorgestel deur syfers;

**'gevaarlike voorwerp' –**
(a) enige plofbare materiaal of toestel;
(b) enige vuurwapen of gaswapen;
(c) enige artikel, voorwerp of toestel wat aangewend kan word om liggaamlike leed aan 'n persoon of skade aan eiendom te veroorsaak, of 'n persoon tydelik verlam of bewusteloos te maak; of
(d) enige voorwerp wat -
    (i) deur die nasionale minister verklaar word as 'n gevaarlike voorwerp ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet vir die doeleindes van daardie Wet; of

(ii) deur die Provinsiale Minister deur ‘n kennisgewing in die Provinsiale Koerant verklaar word as ‘n gevaarlike voorwerp vir die doeleindes van die Wet;

**‘Grondwet’ –** die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, (Wet 108 van 1996);

**‘Hoof van Departement‘** beteken die Hoof van die Onderwysdepartement in die Wes-Kaap;

**‘leerder’** beteken enige persoon wat onderwys ontvang of verplig is om onderrig te ontvang ingevolge die Wet;

**‘onwettige dwelm’ –** enige dwelm sopos gedefinieer in die Wet op Dwelms en Dwelmhandel, 1992 (Wet 140 van 1992), wat gebruik word of in besit is in oortreding van artikel 4 van daardie Wet;

**‘opvoeder’** beteken ‘n opvoeder soos gedefinieer in die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (Wet 76 van 1998);

**‘ouer’ -** beteken

(a) die ouer of voog van ‘n leerder;

(b) die persoon wat wetlik verantwoordelik is vir toesig oor ‘n leerder;

(c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge na te kom van ‘n persoon waarna verwys word in paragraaf (a) en (b) ten opsigte van die leerder se skoolonderrig;

**‘prinsipaal’ -** die opvoeder wat as hoof van ‘n skool aangestel is of waarneem;

**‘Provinsiale Minister’ -** die Provinsiale Minister verantwoordelik vir onderwys in die Provinsie Wes-Kaap;

**‘skool’ -** ‘n openbare skool wat basiese onderwys verskaf;

**'skoolaktiwiteit' -** enige opvoedkundige, kulturele, ontspannings- fondsinsameling- of sosiale aktiwiteit van 'n skool binne of buite die skoolgronde;

**'toesig'** – die bestuur en beheer van leerders op skool of tydens 'n skoolaktiwiteit;

**'Wes-Kaap Onderwysdepartement'** beteken die provinsiale departement verantwoordelik vir onderwys in die Provinsie.

**AFKORTINGS**

| | |
|---|---|
| SPW | Strafproseswet 1977 (Wet 51/1977) |
| DH | Hoof van Departement - die hoof van Wes-Kaap Onderwysdepartement |
| WNOB | Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996) |
| SANRA | Suid-Afrikaanse Raad vir Alkoholisme en Afhanklikheid van Verdowingsmiddels; |
| SAPD | Suid-Afrikaanse Polisiediens; |
| SASW | Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) soos gewysig; |
| WKOD | Die Wes-Kaap Onderwysdepartement |
| PWK | Provinsie Wes-Kaap |

## 2. OMVANG

Hierdie Beleidsriglyne sal van toepassing en bindend wees op alle openbare skole onder die Wet, wat onderwys in die Provinsie verskaf.

## 3. WETSRAAMWERK

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 1 van 1996)

Strafproseswet 1977 (Wet 51 van 1977)

Die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 1992 (Wet 140 van 1992)

Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996)

Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole

Die Suid-Afrikaanse Skolewet,1996 (Wet 84 van 1996) en

Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys (Wet 12 van 1997)

## 4. WETLIKE EN BELEIDSONDERSTUTTINGS

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, maak voorsiening vir 'n Handves van Regte. Die volgende regte is van toepassing op willekeurige deursoeking en beslaglegging en toetsing vir alkoholiese drank en onwettige dwelmmiddels by skole:

4.1 Menswaardigheid (artikel 10)

*Elkeen het ingebore menswaardigheid en die reg dat daardie menswaardigheid gerespekteer en beskerm word.*

4.2 Privaatheid (artikel 14)

*Elkeen het die reg op privaatheid, waarby inbegrepe is die reg dat -*
*(a) hul persoon of woning nie deursoek word nie;*
*(b) hul eiendom nie deursoek word nie;*
*(c) daar nie op hulle besittings beslag gelê word nie; of*
*(d) daar nie op die privaatheid van hulle kommunikasie inbreuk gemaak word nie.*

Willekeurige deursoeking en toetsing vir alkoholiese drank en onwettige dwelmmiddels sal inbreuk maak op hierdie regte. Die Grondwet self maak daarvoor voorsiening dat geen reg absoluut is nie, gegewe dat enige reg in die Handves van Regte beperk mag word ingevolge artikel 36(1).

Artikel 45A van die Wet is gemik op die beskerming van die belange van leerders ten opsigte van hulle reg op onderwys, wat moet plaasvind in 'n omgewing wat vry is van gevaarlike voorwerpe, alkoholiese drank en onwettige dwelmmiddels

Hierdie beleidsriglyne, dien dus om nie slegs die toepassing van artikel 45A van die Wet te reguleer deur die metode te verskaf waarvolgens sodanige maatreëls geïmplementeer kan word nie, maar ook die nodige prosedures wat toegepas moet word om die doel van hierdie wetlike voorskrifte in 'n skoolomgewing te bereik.

## 5. KONTEKS

Die moontlikheid bestaan dat leerders wat in besit is van gevaarlike voorwerpe of alkoholiese drank of onwettige dwelms op ons skoolgronde ernstige sielkundige skade of fisiologiese besering aan ander kan veroorsaak.

Hierdie Riglyne stel streng prosedures vas waarvolgens willekeurige deursoekings deur prinsipale of hulle afgevaardigdes op skool uitgevoer moet word, om die regte en waardigheid van leerders te beskerm. Die oogmerk van hierdie beleid is om 'n veilige omgewing te skep vir leer en onderrig vir almal.

## 6. WILLEKEURIGE DEURSOEKING EN BESLAGLEGGING

### 6.1 Die Skoolhoof

6.1.1 Artikel 45A van die Wet stipuleer dat, tensy deur die prinsipaal gemagtig vir wettige onderwysdoeleindes, geen persoon enige gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel(s) op skoolgronde mag inbring of in sy of haar besit mag hê nie tydens enige skoolaktiwiteit op of van die skoolgronde af.

6.1.2 Die prinsipaal mag, vir onderwysdoeleindes, die teenwoordigheid op die skoolgronde van gevaarlike voorwerpe soos skêre, naalde en messe asook medisyne wat deur 'n dokter voorgeskryf is, wettig. Al hierdie voorwerpe moet egter in 'n register opgeteken word vir kontroledoeleindes en onder toesig gebruik word.

### 6.2 Willekeurige Deursoeking en Beslaglegging (Redelike Suspisie)

6.2.1 Ingevolge artikel 45A(2)(a) van die Wet mag die prinsipaal of sy/haar gemagtigde –

(i) enige leerder, of die eindom van enige leerder deursoek vir enige gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel, indien die prinsipaal op redelike gronde die teenwoordigheid van 'n gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel op die skoolgronde of tydens 'n skoolaktiwiteit vermoed.

(ii) beslag lê op enige gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel wat tydens die deursoeking gevind is.

6.2.2 Die volgende mag 'n aanduiding wees van die teenwoordigheid van onwettige dwelmmiddels en gevaarlike voorwerpe by 'n skool:

(a) Fluitjieblasers wat die prinsipaal van die teenwoordigheid inlig;
(b) Rapportering deur ouers;
(c) Tekens van alkoholiese drank en onwettige dwelmmiddels op die skoolgronde;
(d) Dreigemente dat gevaarlike voorwerpe teen ander leerders of enige ander persoon gebruik sal word;
(e) Besering as gevolg van die gebruik van sodanige gevaarlike voorwerpe en
(f) Enige ander redelike aanduiding.

6.2.3 Wanneer deursoeking uitgevoer word, moet die volgende in gedagte gehou word:

(a) Die beste belange van die betrokke leerders of van enige ander leerder by die skool of enige ander persoon.
(b) Die veiligheid en gesondheid van die betrokke leerders of van enige ander leerder by die skool of enige ander persoon
(c) Redelike getuienis van onwettige aktiwiteit
(d) Alle toepaslike getuienis wat ontvang is.

6.2.4 Waar sodanige deursoeking insluit 'n visentering van die leerder(s) betrokke, mag sodanige visentering slegs uitgevoer word –

(i) deur die prinsipaal, indien hy of sy van dieselfde geslag is as die leerder;

(ii) deur die prinsipaal se gemagtigde, wat van dieselfde geslag as die leerder moet wees;

(iii) in ‘n privaat area; en

(iii) in die teenwoordigheid van ‘n volwasse getuie, van dieselfde geslag as die leerder.

6.2.5 Waar daar ‘n vermoede is dat leerders oor gevaarlike voorwerpe, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels, in hulle skooltasse of sluitkassies beskik, moet die willekeurige deursoeking die leerders se skooltasse en sluitkassies alleenlik insluit en mag dit nie uitgebrei word na hulle lywe nie.

6.2.6 Waar daar ‘n vermoede is dat leerders gevaarlike voorwerpe, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels in hulle sakke of elders in hulle klere dra, mag slegs hulle klere en sakke deursoek word.

6.2.7 Indien daar twyfel bestaan oor waar die gevaarlike voorwerpe, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels weggesteek word, moet die ondersoek gemik wees op wat aan die groep leerders behoort, soos skooltasse en sluitkassies van die groep leerders.

6.2.8 Indien niks in die skoolsakke en sluitkassies gevind word nie, mag die visentering slegs bestaan uit die verwydering van uiterlike klerasie.

6.2.9 ‘n Visentering mag nie uitgebrei word na die liggaamsholtes van ‘n leerder nie, en die privaatdele van 'n leerder mag nie aangeraak word nie.

6.2.10 Indien die prinsipaal as gevolg van ‘n deursoeking of as gevolg van betroubare inligting ontvang, of vir enige ander rede reken daar bestaan goeie gronde om te glo dat enige gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels op die lyf of persoon van ‘n besondere leerder verskuil is, mag hy ‘n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens versoek om ‘n meer uitgebreide visentering van daardie leerder se persoon uit te voer, wat kan beteken die verwydering van klere ingevolge artikel 45A(5) van die Wet.

6.2.11 Die prinsipaal of sy afgevaardigde mag beslag lê op enige gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels wat tydens die deursoeking ingevolge artikel 45(A)(2)(b) van die Wet gevind is. Waar dit nie prakties moontlik is nie, moet die prinsipaal ‘n opvoeder aanstel wat sy of haar gemagtigde sal word vir die doel van die willekeurige deursoeking en beslaglegging, wat insluit toetsing vir alkoholiese drank en onwettige dwelmmiddels.

6.2.12 Waar moontlik moet ‘n getuie teenwoordig wees vir elke leerder wat gevisenteer moet word.

6.2.13 Wanneer die sluitkassies deursoek word, moet die prinsipaal of sy of haar gemagtigde dit met sensitiwiteit doen, en waar dit prakties moontlik is, die ouers van die betrokke leerder(s) ook betrek.

6.2.14 Die prinsipaal of sy of haar gedelegeerde moet seker maak dat geen fisiese geweld toegepas word tydens die deursoeking en die beslaglegging nie.

6.3 Praktiese Stappe vir Deursoeking en Beslaglegging

6.3.1 Indien leerders se klere en/of skooltasse deursoek moet word, moet die ondersoek gedoen word in ‘n leë en skoon ruimte, en elke leerder moet sy of haar eie skoolsak(ke) by hom of haar hê.

6.3.2 Indien sluitkassies en of skoolsakke deursoek moet word, moet die prinsipaal of sy of haar gemagtigde seker maak dat elke leerder langs sy of haar sluitkassie of skoolsak staan.

6.3.3 Waar moontlik moet ‘n getuie teenwoordig wees vir elke leerder wat gevisenteer moet word.

6.3.4 Terwyl die leerder sy of haar beurt afwag om gevisenteer te word, moet die getuie die gedrag van die leerder dophou.

6.3.5 Die getuie moet ook uitvind of daar ‘n fasiliteit of item is wat aan die skool behoort wat vir die gebruik van die leerder beskikbaar is, byvoorbeeld ‘n sluitkassie. Indien daar

sodanige item of skooleiendom bestaan, moet die getuie uitvind wat hierdie fasiliteit of item is.

6.3.6 Die leerder en die getuie moet begelei word tot in die prinsipaal se kantoor of ‘n toegewese klaskamer toegelaat word (buite sig van die ander leerders), en die leerder moet versoek word om enige gevaarlike voorwerpe, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels in sy of haar besit openbaar maak.

6.3.7 Indien die leerder nie op hierdie stadium enige gevaarlike voorwerpe, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels in sy of haar besit oorhandig nie, moet daardie leerder gevra word om sy of haar sakke leeg te maak.

6.3.8 Die persoon wat die visentering doen, moet ‘n oppervlakkige ondersoek doen op die liggaam – d.w.s. hy of sy moet die leerder visenteer. Onder geen omstandighede mag ‘n leerder se privaatdele aangeraak word nie. As ‘n laaste uitweg moet die leerder versoek word om tot by sy of haar onderklere uit te trek, en die klere wat oorhandig word, moet vir verdagte voorwerpe deursoek word.

6.3.9 Indien daar op hierdie stadium vermoed word dat die leerder ‘n verdagte voorwerp ingesluk het, is dit raadsaam dat die saak direk aan die polisie oorhandig word.

6.3.10 Spesiale Versoek om die Area te Verlaat

(i) ‘n Dringende behoefte om die badkamer te gebruik behoort, onder normale omstandighede die enigste aanvaarbare rede te wees om die gebied te verlaat waar die ondersoek plaasvind of gaan plaasvind.

(ii) Maak die persoon wat in beheer van die ondersoek is daarvan bewus deur aan die toe deur van die kamer waarin die ondersoek plaasvind, te klop, of deur die persoon in beheer te bel.

(iii) Probeer om die leerder te akkommodeer deur te reël dat daardie leerder die volgende een sal wees wat ondersoek moet word.

(iv) Indien dit nie prakties moontlik is om daardie leerder volgende te visenteer nie, moet die leerder, as ‘n laaste uitweg, toegelaat word om na die badkamer te gaan, maar die getuie moet hom of haar vergesel en die leerder die hele tyd in sig hou.

(v) Indien die persoon in beheer van die visentering die kamer waarin ‘n leerder gevisenteer word, verlaat op spesiale versoek van 'n ander leerder, moet die getuie by die leerder in die kamer gemaan word om enige verdagte gedrag deur die leerder, wat nie toegelaat word om rond te loop nie, maar in een plek moet bly, op te merk. Die getuie moet enige verdagte gedrag aan die kant van die leerder neerskryf.

(vi) Die deursoeking mag nie ontwrig word deur telefoon of digitale oproepe na die leerder, die getuie of die persoon wat die deursoeking behartig of op enige ander wyse nie. Telefoon- of digitale oproepe of boodskappe aan ouers om hulle in kennis te stel van ‘n leerder se onwilligheid om saam te werk by ‘n wettige deursoeking en beslaglegging word egter toegelaat.

6.3.11 Tyd van Ondersoek

(i) Wanneer besit van ‘n gevaarlike voorwerpe, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels vermoed word, is dit die beste om die ondersoek te doen sodra die inligting beskikbaar raak.

(ii) Die deursoeking moet op ‘n ordelike wyse plaasvind en getuienis moet opgeteken word.

(iii) Dit is raadsaam om slegs die betrokke klasse wat geteiken is te ontwrig, veral waar dit mooontlik is om vooruit te beplan, byvoorbeeld waar inligting ontvang is dat leerders gevaarlike voorwerpe, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels skool toe gaan bring die volgende oggend.

(iv) Maak seker dat die deursoeking en beslaglegging deeglik, betyds en op ‘n redelike tyd gedoen word, om te keer dat die leerders kans kry om die

gevaarlike voorwerpe, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels te gebruik.

6.3.12 Nadat daar op die gevaarlike voorwerp beslag gelê is, mag die prinsipaal of sy/haar gemagtigde die voorwerp óf aan die polisie óf die ouer oorhandig.

6.3.13 Indien die voorwerp waarop beslag gelê is onwettig is, is die prinsipaal of sy gemagtigde verplig om dit aan die polisie te oorhandig.

6.3.14 Die prinsipaal of sy/haar gemagtigde moet die betrokke voorwerp na die naaste polisiestasie neem as die polisie dit nie kan kom haal nie.

6.3.15 Die polisiebeampte wat die voorwerp neem, moet ‘n ontvangsbewys daarvoor uitreik.

6.3.16 Delegering indien die prinsipaal nie beskikbaar is nie.

(i) Twee persone, een man en een vrou moet gemagtig word om die deursoek- en beslagleggings funksie uit te voer indien die prinsipaal nie beskikbaar is nie. Die name van hierdie persone, aan wie gesag gedelegeer is, moet verskyn in ‘n logboek en moet te alle tye bekend wees, sodat daar duidelikheid is oor wie se verantwoordelikheid dit is om in die prinsipaal se afwesigheid op te tree. Die volgende is ‘n voorbeeld van die magtiging, wat op skrif moet wees:
“Ek, ................, prinsipaal van ............................. (naam van skool), magtig hiermee vir X......... (vroulike opvoeder se naam en Y ............(manlike opvoeder se naam) om verantwoordelik te wees vir die deursoeking en beslaglegging in my afwesigheid. Hiermee delegeer ek aan X en Y dieselfde gesag wat ek as prinsipaal het, en hy of sy kan opdrag gee vir ‘n deursoeking, en kan ‘n deursoeking en beslaglegging namens my doen. "

(ii) Die gemagtigde person moet insae hê in die proses van deursoeking en beslaglegging. Geen opleiding is nodig nie; die lees van hierdie riglyne is voldoende. Indien die gemagtigde persoon onseker is van enige deel van die deursoeking en belagleggingprosedure, moet hy of sy, voor die deursoeking en beslaglegging uitgevoer word, weer die riglyne met aandag deurlees om seker te maak dat hy of sy presies weet hoe die deursoeking en

beslaglegging uitgevoer moet word. ‘n Afskrif van hierdie riglyne moet te alle tye beskikbaar wees in die prinsipaal se kantoor.

(iii) Indien die prinsipaal weggaan vir ‘n verlengde tydperk, sal die amptelike waarnemende plaasvervanger dieselfde gesag hê om te delegeer as die prinsipaal.

(iv) Indien die prinsipaal slegs vir ‘n kort tydperk afwesig sal wees, moet hy of sy, voor vertrek, ‘n persoon identifiseer as gemagtigde (wat permanent aangestel kan word as gemagtigde) sodat almal weet wie die prinsipaal se gemagtigde is wat deursoeking en beslaglegging betref.

(v) Indien die prinsipaal nie ‘n gemagtigde geïdentifiseer het voor hy of sy die skoolgronde verlaat nie, mag hy of sy per telefoon of digitale toestel instruksies aan sodanige gemagtigde gee. Sulke magtigings en instruksies moet neergeskryf word deur die gemagtigde in ‘n logboek by die skool.

(vi) ‘n Deursoek- en beslagleggingoperasie kan nie gekanselleer of uitgestel word omdat die prinsipaal nie beskikbaar is nie.

6.3.17 Hoe om ‘n Leerling wat Onwillig is om Deursoek te word Ingevolge Artikel 45A(5) van die Wet te Behandel:

(i) Indien dit redelik uitvoerbaar is, moet die ouer gebel word of ‘n boodskap na die ouer gestuur word op een of ander manier om die ouer in te lig dat die leerder onwillig is om saam te werk by ‘n wettige deursoek- en beslagleggingprosedure ingevolge die Wet, en dat die leerder aan die polisie oorgegee sal word.

(ii) Indien die ouer aandui dat hy of sy gewillig is om deel te neem deur die leerder te beveel om saam te werk in ‘n deursoek- en beslaglegging wat uitgevoer word ingevolge artikel 45A van die Wet, waar die uitkoms verbind is met ‘n interne dissiplinêre proses –

(a) kan die ouer 'n redelike kans gegun word om na die skool te kom om die leerder opdrag te gee om saam te werk.

(b) Die ouer kan ook sodanige instruksie aan die leerder en die prinsipaal oor die telefoon of digitale toestel gee.

(c) 'n Getuie moet by die leerder wees terwyl sodanige telefoongesprek plaasvind.

(d) Dit is uiters belangrik dat die prinsipaal met die ouer praat en die grond vir die deursoek- en beslaglegging verduidelik aan die hand van die bepalings van artikel 45A van die Wet.

(iii) Indien die leerder of ouer weier om saam te werk, moet die saak, en die leerder aan die polisie oorhandig word, sodat hulle 'n ondesoek en visentering ingevolge die Wet op Kriminele Prosedure kan uitvoer. Die uitkoms van sodanige deursoeking en beslaglegging word verbind met 'n Kriminele Hof-prosedure, met moontlike kriminele vervolging.

6.4 Beslaglegging op Gevaarlike Voorwerpe, Alkoholiese Drank en Onwettige Dwelmmiddels ingevolge Artikels 45A(6), (7) en (8) van die Wet

6.4.1 Die prinsipaal, of sy gemagtigde of 'n polisiebeampte kan beslag lê op enige gevaarlike voorwerp of alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels teenwoordig op skoolgronde of op 'n persoon op die skoolgronde of by 'n skoolfunksie.

6.4.2 Enige gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel waarop belag gelê is, moet –

(a) duidelik en korrek ge-etiketteer wees met volledige besonderhede, wat insluit –

(i) waar dit gevind is, en, indien van toepassing, die naam van die leerder in wie se besit dit gevind is;

(ii) Die tyd en datum van deursoeking en beslaglegging;

(iii) 'n Gevalverwysingsnommer;

(iv) Die naam van die persoon wat die deursoeking gedoen het;
Die naam van die persoon in wie se teenwoordigheid die deursoeking gedoen is, waar van toepassing; en
(vi) enige ander besonderhede wat nodig mag wees om die item en die insident te identifiseer;

(b) opgeteken word in die skool se verslagboek; en

(c) onmiddellik oorhandig word aan 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens om daaroor te beskik ingevolge artikel 31 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977).

6.4.3 Indien die polisie nie die gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel onmiddellik van die skool kan kollekteer nie, sal die prinsipaal of sy gemagtigde –

(a) die gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmidde na die naaste polisiestasie toe neem; en
(b) die gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel aan die polisie oorhandig om daaroor te beskik ingevolge artikel 31 van die Strafproseswet, 1977.

6.4.4 Die polisiebeampte wat die gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel in ontvangs neem sal 'n amptelike ontvangsbewys daarvoor aan die prinsipaal of sy/haar gemagtigde uitreik.

6.4.5 Artikel 45A(8) van die Wet bepaal dat die polisiebeampte wat die gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel in ontvangs neem 'n amptelike ontvangsbewys daarvoor aan die prinsipaal of gemagtigde sal uitreik.

6.5 Uitsonderings

Vir onderwysdoeleindes behoort slegs prente van gevaarlike voorwerpe, alkoholiese drank of onwettige dwelms gebruik te word.

## 7. DWELM- EN ALKOHOLTOETSING

7.1 Verbod op Onwettige Middels op Skoolpersele

Tensy dit gemagtig is deur die prinsipaal vir wetlike opvoedkundige doeleindes, mag geen persoon enige gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel op die skoolperseel bring of in sy/haar besit hê gedurende enige skoolaktiwiteit nie.

7.2 Wettige Gronde vir die Uitvoering van ‘n Toets vir Onwettige Middels

Artikel 45A(9) van die Wet bepaal dat die prinsipaal of sy/haar gemagtigde ‘n urinetoets of ander ingreepvrye toets mag toedien indien die prinsipaal redelike grond het om te vermoed dat die leerder –

(a) in besit is van alkoholiese drank or onwettige dwelmmiddels; of
(b) tydens skooluire of by 'n skoolaktiwiteit onder die invloed van alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels is.

7.3 Prosedure wat gevolg moet word wanneer vir onwettige middels getoets word:

7.3.1 ‘n Leerder soos beoog in paragraaf 7.2 kan onderwerp word aan ‘n urinetoets of ander ingreepvrye toets, soos gestipuleer in artikel 45A(10), vir alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels slegs indien -

(a) die toets gedoen word deur ‘n persoon van dieselfde geslag as die leerder;
(b) dit gedoen word in ‘n privaat area;
(c) een volwasse getuie, van dieselfde geslag as die leerder, teenwoordig is;
(d) die monster duidelik en korrek ge-etiketteer is met volle besonderhede soos beoog in paragraaf 6.4.2 met die nodige veranderinge; en
(e) ‘n toestel soos beoog in artikel 8A(11) van die Suid-Afrikaanse Skolewet gebruik word.

7.3.2 Die skool se voorneme en modus operandi vir ondersoeke en beslaglegging en dwelmtoetsing moet in die skool se leerderkode van gedrag ingesluit wees.

7.4 Optekening van Inligting en Beskikking van Alkoholiese Drank, Onwettige Dwelms en Urinemonsters

7.4.1 Enige alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels waarop beslag gelê is of 'n urinemonster wat getoets is, moet duidelik en korrek ge-etiketteer word met volle besonderhede, met inbegrip van

(a) die naam van die leerder in wie se besit dit gevind is of van wie ‘n monster geneem is;
(b) die tyd en datum van deursoeking en beslaglegging of van monster geneem;
(c) ‘n gevalverwysingsnommer;
(d) die naam van die persoon wat die leerder deursoek of getoets het;
(e) die naam van die getuie; en
(f) enige ander besonderhede wat nodig mag wees om die item en die insident te identifiseer.

7.4.2 Al die besonderhede moet te boek gestel word in die skoolrekordboek.

7.5 Simptome van Moontlike Dwelmgebruik

Die Suid-Afrikaanse Raad vir Alkoholisme en Afhanklikheid van Dwelms het die volgende lys simptome uitgereik om die gebruik van dwelmmiddels bloot te lê:

(a) Merkbare veranderinge in die fisiese toestand van die leerder

(i) Verandering in aktiwiteitsvlak; Periodes van lusteloosheid wat tipies is van die gebruik van dagga, alkohol, kalmeermiddels, kokaïen en heroïene, en periodes van hiperaktiwiteit wat met dagga, stimulante en alkohol geassosieer word;
(ii) Verandering in aptyt, wat wissel van vermeerderde tot verminderde vlakke;
(iii) Onverklaarbare toename of afname in gewig;
(iv) Gebrek aan koördinasie, steiering of stadige bewegings, laat val van voorwerpe, lompheid en vallery;
(v) Veranderings in spraakpatroon, wat uitloop op praat met sleeptong of onsamehangend, abnormale vinnige spraaktempo, vergeetagtigheid; onvolledige sinne en onsamehangende gesprekvoering;

(vi) Onnatuurlik kortasem, aanhoudende hoesery, snaakse reuk van asem en klerasie (algemeen by gebruik van dagga en snuifmiddels);
(vii) Oë bloedbelope, rooi om rante, waterig, en slap ooglede;
(viii) Klein seertjies om die mond en onverklaarbare gebarste of gekraakte lippe (inherente gebruikers);
(ix) Geel-bruin vlekke op hande;
(x) Neus wat gedurig loop en leerder wat gedurig aan neus vroetel;
(xi) Onverklaarbare bloei van neus;
(xii) Verhoogde kwesbaarheid vir infeksies en verkoues;
(xiii) Verandering in slaappatrone, d.w.s. bly die hele nag wakker, maar slaperig in die dag, en onrustige slaappatroon;
(xiv) Verandering in fisiese voorkoms, d.i. drastiese verandering in styl van klere en voorkoms wat slordig en onversorg is;
(xv) Heftige ontsteltenis en gebrek aan konsentrasie;
(xvi) Onverklaarbare bewerasie, skuddings, naarheid, vomering, en swete of koue swete, wat vroeë onttrekkingssimptome kan wees;
(xvii) Verwarde begrip van tyd;
(xviii) Reaksietyd word traag;
(xix) Naaldmerke, wat kan maak dat leerder langmouhemde dra, selfs in warm weertoestande, om merke te verberg wat veroorsaak is deur binneaarse inspuiting van dwelms;
(xx) Onverklaarbare en voortdurende hoofpyne;
(xxi) Slaperigheid, veral deur die dag;
(xxii) Ongewoon dromerige en afgetrokke gedrag; en
(xxiii) Ongewoon langdurige droë mond en dors.

(b) Gedragsaanwysers

(i) Skielike aggressiewe en gewelddadige gedrag wat manifesteer deur onverklaarbare woedeuitbarstings;
(ii) Onverklaarbare rusteloosheid;
(iii) Vernietigende gedrag, bv. slaan op mure, vloek, baklei;
(iv) Onverklaarde geïrriteerdheid;

(v) Gebrek aan motivering, bv. skielike verlies aan belangstelling in stokperdjies of sport wat voorheen geniet is;
(vi) Gedurige episodes van onverklaarde giggelry;
(vii) Swaarmoedige en apatiese houding tot die lewe in die algemeen.

(c) Emosionele aanwysers

(i) Skielike onverklaarbare en langdurige senuagtigheid;
(ii) Lae selfbeeld;
(iii) Verminderde verantwoordelikheidsin;
(iv) Skielike gevoel van depressie, moedeloosheid en hopeloosheid;
(v) Erge gemoedsveranderinge, gemoedswisselinge wat wissel van euforie tot skielike angs en depressie, met insluiting van hipersensitiwiteit;
(vi) Denkpatroonveranderinge; eienaardige en vreemde denke; hallusinasies; paranoïese denkbeelde; abnormale agterdogtigheid; depressiewe en selfmoordgedagtes.

(d) Sosiale aanwysers

(i) Skielike onttrekking van familie en vriende;
(ii) Skielike geheimhouding, onderduimsheid, vaagheid, leuens, bedrog;
(iii) Skielike verandering van vriende, gewoonlik vriende wat ouer is en verdink word van dwelmmisbruik, en traagheid om vrende aan familie voor te stel;
(iv) Agteruitgang van skoolprestasie gekenmerk deur 'n algehele gebrek aan motivering vir skoolwerk;
(v) Gereelde stokkiesdraaiery;
(vi) Gegriefdheid oor en veronagsaming van reëls, tuis sowel as op skool
(vii) Ongewone belangstelling in geld; en
(viii) Bewerings van "verlore" klere, toerusting, geld, waarvan nie verslag gedoen kan word nie.

## 8. GOEDGEKEURDE TOESTELLE VIR DWELM- EN ALKOHOLTOETSING

### 8.1 Identifikasie en Publikasie van Dwelmtoetsapparate

8.1.1 Die Nasionale Minister van Onderwys het, ingevolge artikel 8A(11) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, toestelle gekies wat gebruik moet word vir dwelmtoetsing en prosedures wat gevolg moet word.

8.1.2 Die Minister het tien (10) toestelle gekies vir gebruik in hierdie verband en het die lys in die Regeringskoerant gepubliseer.

8.1.3 ‘n Skool kan enige een van hierdie toestelle op die lys gebruik.

8.1.4 Hier is die lys van toestelle vir hierdie doel:

(i) Dwelmbespeurende veestelsel vir oppervlaktes;
(ii) Eenstap-Tuistoetsstrook vir kokaïen;
(iii) Multimiddelletoets;
(iv) Quicktox drug screen dipcard-toets
(v) Monitect-dwelmsiftingskassettoets;
(vi) Toxcup dwelmsiftingskoppietoets;
(vii) Multipaneel dwelmtoetsapparaat;
(viii) Smart check dwelmsiftingstoets;
(ix) Drug Smart-beker; en
(x) Avitar Oral Screen 4 of Drugometer

8.1.5 Vir die doeleindes van alkoholtoetsing, kan ‘n SABS-goedgekeurde instrument gebruik word, of, met die toestemming van die ouer, ‘n bloedtoets by ‘n geakkrediteerde mediese fasiliteit.

8.2 Die Apparaat

8.2.1 Die toetsstel moet in die teenwoordigheid van die leerder wat getoets word, oopgemaak word.

8.2.2 ‘n Leerder wat getoets gaan word, moet eers gevra word of hy/sy enige mediese middel geneem het.

8.2.3 Die toets moet uitgevoer word -

(i) deur 'n persoon van dieselfde geslag as die leerder;

(ii) in die teenwoordigheid van 'n volwasse getuie, van dieselfde geslag as die leerder en

(iii) weg van die teenwoordigheid van ander leerders en individue.

8.2.4 Die persoon wat die toets afneem moet rubberhandskoene dra.

8.2.5 Die voubiljet van elke toestel dui aan hoe die resultaat van die toets verkry en vertolk moet word.

8.2.6 Die inligting op die voubiljet moet deur die prinsipaal of sy gemagtigde gelees word in die teenwoordigheid van die leerder, voor die toets afgeneem word.

8.2.7 Die toets moet uitgevoer word soos op die voubiljet voorgeskryf is.

## 9. KENNISGEWINGS AAN OUERS EN DISSIPLINÊRE PROSEDURES

9.1 Kennisgewing aan Ouers Ingevolge Artikel 45A(11) van die Wet

9.1.1. Die skoolhoof of sy/haar gemagtigde moet -

(i) Indien prakties uitvoerbaar, die betrokke ouer in kennis stel dat 'n willekeurige toets of deursoeking en beslaglegging gedoen is ten opsigte van die leerder, en

(ii) die leerder en sy of haar ouer in aangaande die uitslag van die toets verwittig, sodra dit beskikbaar is.

9.2 Dissiplinêre Prosedures Ingevolge Artikel 45A(13) van die Wet

9.2.1 As ‘n leerder positief getoets het vir gevaarlike voorwerpe, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels, sal die ouer die prinsipaal of sy/haar gemagtigde die resultate met die betrokke ouer bespreek, en sal ingelig word van die gevare en gevolge van alkohol en dwelmmisbruik.

9.2.2 Verder sal dit onder die aandag van die betrokke ouer gebring word dat daar rehabilitasiesentrums en inrigtings is waarheen die leerder verwys kan word op versoek en met die toestemming van die ouer.

9.2.3 Die prinsipaal of sy/haar gemagtigde kan die betrokke leerder of groep leerders onderwerp aan dissiplinêre prosedures vir die besit van gevaarlike voorwerpe, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels en vir positiewe toetsing in ‘n alkohol-of dwelmtoets wat toegedien is ooreenkomstig hierdie beleidsriglyne.

9.2.4 Geen kriminele prosedures mag egter deur die skool teen ‘n leerder of groep leerders ingestel word nie.

9.2.5 Waar dissiplinêre prosedures ingestel is ten opsigte van ‘n leerder, moet sodanige prosedures plaasvind ooreenkomstig die Gedragskode soos dit verskyn in artikel 45(1) van die Wet, Regulasies en beleid aangaande leerderwangedrag soos van toepassing in die Wes-Kaap Onderwysdepartement.

## 10. BYLAES

10.1 Bylae A – Pro Forma-skoolbeleid oor willekeurige deursoeking en beslaglegging en toetsing vir alkoholiese drank en onwettige dwelmtoetsing.

10.2 Bylae B – Inbelsentrum se kontakbesonderhede en funksies.

10.3 Bylae C – Algemene Inligting.

10.4 Bylae D – Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (Kontakgbesonderhede en gespesialiseerde dienste verskaf).